**Kruiskerk.co.za**

***Aanlyn Erediens op die Zoom toepassing***

***5 Februarie 2023***

***info@Kruiskerk.co.za***

**Skriflesing** : Matteus 5:13-16

**Tema :** Weet jy van die sout in jou pot en die vlam in jou lamp ? Die ding van die gewone en alledaagse.

## Broodjies vir die Pad

**"We are not called by God to do extraordinary things, but to do ordinary things with extraordinary love. "**
- Jean Vanier-

**"She was struck by the simple truth that sometimes the most ordinary things could be made extraordinary, simply by doing them with the right people..."**
-The Lucky One, Nicholas Sparks-

**The Whole of Life**
**"The whole of life has a power to soften and open us against our will, to irrigate our spirits, and in those moments, we discover that tears, the water from within, are a common blood, mysterious and clear. We may speak different languages and live very different lives, but when that deep water swells to the surface, it pulls us to each other."**
— The Book of Awakening, Mark Nepo-

**"Do not ask your children to strive for extraordinary lives. Such striving may seem admirable, but it is the way of foolishness. Help them instead to find the wonder and the marvel of an ordinary life. Show them the joy of tasting tomatoes, apples and pears. Show them how to cry when pets and people die. Show them the infinite pleasure in the touch of a hand.**
**And make the ordinary come alive for them. The extraordinary will take care of itself."**
— The Parent's Tao Te Ching: Ancient Advice for Modern Parents, William Martin-

**"The most extraordinary thing in the world is an ordinary man and an ordinary woman and their ordinary children."**
- G.K. Chesterton-

**"If you light a lamp for somebody, it will also brighten your path."**
— Gautama Buddha, Sayings of Buddha

**"Literature is the art of discovering something extraordinary about ordinary people, and saying with ordinary words something extraordinary."**
— Boris Pasternak-

**"There is a LIGHT in this world. A healing spirit more powerful than any darkness we may encounter. We sometime lose sight of this force when there is suffering, and too much pain. Then suddenly, the spirit will emerge through the lives of ordinary people who hear a call and answer in extraordinary ways."**
- Richard Attenborough-

***Hoogty***

*jy hoor jong dolfyne*
*koes weg uit valsbaai*
*laat die versteurde oues*
*agter in die vuil*
*en die gemors met die geraas*

*asof kadawers nou jeuk van die dood*
*skuur die dooie*
*robbe*
*wat by kalkbaai in die hawewater*
*dobber*
*aan teen die harde*
*rompe*
*van visserskuite*

*vir foto's tel toeriste by boulders*
*heel klein pikkewynkuikens effens*
*van die strand af op*
*pas uitgebroei*
*maar sonder voete*

*aan die kuslyn van kampsbaai*
*word riool met springgety*
*siedend verder uitgewerp*
*land in na die naaste mense*
*-Waldamar Gouws-*

**"The further I wake into this life, the more I realize that God is everywhere and the extraordinary is waiting quietly beneath the skin of all that is ordinary. Light is in both the broken bottle and the diamond, and music is in both the flowing violin and the water dripping from the drainage pipe. Yes, God is under the porch as well as on top of the mountain, and joy is in both the front row and the bleachers, if we are willing to be where we are."**
— The Book of Awakening: Having the Life You Want by Being Present to the Life You Have, Mark Nepo-

**"He promises a lamp unto our feet, not a crystal ball into the future."**
- Traveling Light: Releasing the Burdens

You Were Never Intended to Bear, Max Lucando-

**“Just at present you only see the tree by the light of the lamp. I wonder when you would ever see the lamp by the light of the tree.”**
— Chesterton, G. K. -

**GEBLESS DAT HAAR JOURNEY ANDER INSPIRE**
**Dana Snyman Netwerk24**

Sy is nou al vir ’n hele ruk ’n motiveringspreker. Sy doen ook coaching, maar sy kom nie genoeg daarby uit nie. Haar skedule is reeds vol tot in Oktober.

Verlede week was sy in die Kaap vir praatjies en werksessies. Die vorige week was dit Krugersdorp. En Dinsdag is sy in Polokwane. Sy is so gebless ná die hel waardeur sy met haar egskeiding en haar pa se dood is.
Maar nou is sy vry, nou kan sy oral gaan en met haar harts-mense gesels en hulle inspire to be the best they can be. By besighede. By kerke. By skole. By almal wat haar wil hê.
Sy wou nie regtig ’n aktrise wees nie. Sy doen nou presies wat sy moet doen en sy is superopgewonde en dankbaar daaroor. Ons almal is gebore vir sukses. Jou verlede het geen reg op jou toekoms nie, kom los daarvan. Nou!

Vir te lank het sy haar identiteit in aardse goed probeer vind. Eers toe sy dít besef, kon sy op dié journey van self-discovery gaan. As jy weet wie jy is, sal jy nie langer die prooi van modes en ander giere wees nie. Jy moet die ware jy vind.

Identity reveals and produces purpose and vision flows from purpose.

Maar nou is sy vry, nou kan sy oral gaan en met haar harts-mense gesels en hulle inspire to be the best they can be.

Onlangs het Sue-Allen’s haar met ’n borgskap gebless, hulle verskaf haar helderkleurige baadjies. En Hananja Skin Care is van die begin af saam met haar op die journey.

Dit is touching om te sien hoe mense in daardie uur of twee verander terwyl sy met hulle praat. Mense is so honger vir hierdie soort kennis. Almal is so moedeloos.

Dit help nie om vir iemand te sê: “Bou ’n brug en kom oor dit nie.” Jy moet leer om jouself te aanvaar, jouself lief te kry, foute en al. Eers dán sal jy ’n nuwe mens kan begin word. ’n Nuwe mens soek die mooi in ander omdat sy die mooi in haarself ontdek het. Jy moet ja sê vir die lewe. Die lewe is ’n geskenk. Ons het soveel verkeerde opvattings oor mekaar. Hier is soveel potensiaal in hierdie land as mense dit net besef.

Sy vat vir Tracy, wat haar eie studio het, saam na baie van haar events toe. Tracy neem aanhoudend foto’s.

Dit gee mense soveel joy as jy saam met hulle pose. Nie net sommer pose nie. Jy moet dit fun vir hulle maak. Jy moet hulle hug en aan hulle raak en saam met hulle die lug in spring. Touching is deel van haar liefdestaal. Elkeen moet weet wat sy liefdestaal is.

Soms staan sy daar voor die mense, en voel alleen, so alleen en frail, maar dan sê sy vir haarself: Komaan, hierdie mense het jou nodig, jy wil nie weer gebroke op jou eie badkamervloer lê nie.

Een van die dae verskyn haar boek met inspirerende dagstukkies, en in Augustus gaan sy weer Israel toe saam met ’n groep. Dis kos vir die siel om in Sy spore te stap.

Wat ’n blessing!

**BROOD VIR DIE PAD**

**GEESTELIKE WAARDES: SOMS IS DIT SLEG AS JY NUUSKIERIG NÓG INLIGTING VERORBER**
**RRV Netwerk24**

Die Middeleeuse denker Thomas Aquinas benut in sy klassieke bespreking van die deugde – en spesifiek binne die kader van sy nadenke oor die deug van temperantia (matigheid of selfbeheersing) – die onderskeid tussen die Latynse terme curiositas en studiositas.

Vir Aquinas is curiositas ’n ondeug en studiositas ’n voortreflike eienskap. Tog sou ons kon wonder waarom Aquinas juis vir curiositas in ’n negatiewe lig beskou. Dui curiositas dan nie op nuuskierigheid nie? En dis mos ’n goeie eienskap. Die begin van die wetenskap. Einstein se inspirerende raad van destyds bly immers gepas: “Die belangrike ding is om nooit op te hou om vrae te vra nie . Moet nooit ’n heilige nuuskierigheid verloor nie.”

Met die lees van Aquinas se bespreking van curiositas word dit gou duidelik dat sy gebruik daarvan nie heeltemal met curiosity of “nuuskierigheid” saamval nie. Hy het dit geensins teen die drang na kennis nie. Trouens, dit is vir hom ’n deug om meer oor die werklikheid te wete te wil kom. Wat Aquinas wel met curiositas na wil heenwys is dat ons honger na kennis – wat hy saam met Aristoteles as ’n natuurlike begeerte van die mens beskou – ’n vernietigende vorm kan aanneem.

Curiositas dui dus vir Aquinas op ’n ontaarde houding jeens kennisverwerwing. Hiervolgens is daar nie sprake van ’n heilige nuuskierigheid nie, maar eerder van ’n gulsige vergryp aan kennis, ’n soort “wellus van die oë”.

Aquinas verbind curiositas verder met ’n dwalende onrustigheid van die gees wat nie versadiging ken nie. Die feit dat ons nuwe kennis en impulse as’t ware verorber, en nie met ons lewe integreer nie, lei dan ook maklik tot ’n gevoel van versplintering en angstigheid.

Vir Aquinas kan ’n meer juiste omgang met kennis met die term studiositas benoem word. Dit dui op ’n gefokusde leergierigheid wat uit ’n kalmte van gees ontspring en dit vir ons moontlik maak om op so ’n

wyse aandag te kan gee dat ons nie deur skynwerklikhede verblind word nie.

Sommige morele denkers meen selfs dat ons in ’n tyd van weghol-curiositas leef.

Die eindelose aanbod van inligting en beelde via die internet of ander media maak dat die meeste van ons die gevoel ken om ingesuig te raak in ongesonde vorms van tydverdryf wat ons dikwels neerslagtig of verlam laat.

Dalk kan die Middeleeuse morele woordeskat van curiositas en studiositas steeds vandag waardevol wees as ’n herinnering dat ’n gesonde gees saamhang met ’n geheiligde nuuskierigheid.

**wynandgnel@outlook.com 082 901 5877**